# Afrikaans

## Eerste Addisionele Taal

**KLASTEKS & STUDIEGIDS**

Ilse Zietsman

GRAAD

# 12

KABV

## 3-in-1




THE ANSWER SERIES
*Your Key to Exam Success*

# Graad 12 Afrikaans EAT 3-in-1 KABV

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Afrikaans Eerste Addisionele Taal 3-in-1 studiegids neem jou stapsgewys deur die vier hoofvaardighede vir Afrikaans EAT – Luister & Praat; Lees & Kyk; Skryf & Aanbied; Taalstrukture & -konvensies. Interessante, aktuele en inspirerende voorbeeldtekste word deurgaans voorsien om meer spesifieke vaardighede te ontwikkel. Die logiese uitleg en voorbeelde help met begrip en toeganklikheid van die kurrikuluminhoud.

**Sleutelkenmerke:**

- Stapsgewyse, hanteerbare benadering
- Breedvoerige Notas oor elk van die 4 vaardighede
- Vrae en Antwoorde (Toets Jou Kennis) oor elk van die 4 vaardighede
- 5 Eksamenvraestelle en -memo's (Taal)

THE ANSWER SERIES
Your Key to Exam Success

GRAAD

# 12

KABV

3-in-1

# Afrikaans

## Eerste Addisionele Taal

Ilse Zietsman

**HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN**

1. Stimulerende Notas
2. Oefeninge en Antwoorde per Afdeling
3. Eksamenvraestelle en -memo's

E-boek beskikbaar

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

2012 publikasie | ISBN: 978-1-920568-94-8

090323 | TAS

# INHOUD

Formele Assessering .................... i

## DEEL 1: LUISTER EN PRAAT .................... 1

Luister .................... 2
Praat.................... 7
  Informele praat .................... 7
  Formele praat .................... 8

## DEEL 2: LEES EN KYK .................... 15

Begripstoetse .................... 16
Opsommings .................... 30
Kritiese taalbewustheid, Multi-media en Visuele tekste .................... 33
Letterkunde .................... 37

## DEEL 3: SKRYF EN AANBIED .................... 49

Skryf .................... 50
Opstelle as kreatiewe skryfwerk .................... 51
Lang transaksionele tekste .................... 53
Kort transaksionele tekste .................... 66
Woordeskat .................... 73
Assesseringsrubrieke .................... 76
Moontlike opstelonderwerpe .................... 79

## DEEL 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES .................... 80

Woordsoorte .................... 81
Sinstrukture .................... 101
Leestekens/Punktuasie .................... 116
Klankleer en Spelling .................... 117
Skryftekens .................... 118
Woordvorming .................... 120
Betekenisleer en Figuurlike Taal .................... 121
Kritiese Taalbewustheid .................... 124

## EKSAMENVRAESTELLE EN -MEMO'S .................... 134

| | Vraestel | Memo |
|---|---|---|
| Vraestel A .................... | 134 | 170 |
| Vraestel B .................... | 140 | 172 |
| Vraestel C (Nas. Vraestel 1 Maart 2015) .................... | 145 | 174 |
| Vraestel D (Nas. Vraestel 1 Nov. 2015) .................... | 151 | 177 |
| Vraestel E (Nas. Vraestel 1 Maart 2016) .................... | 157 | 181 |
| Vraestel F (Nas. Vraestel 1 Nov. 2016) .................... | 163 | 184 |



*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

## Spesifieke tipe vrae wat jy moet kan beantwoord

**WAAR/ONWAAR vrae**

- Jy word gevra of ’n stelling/feit waar of onwaar is. Gewoonlik moet jy hierna jou antwoord in jou eie woorde of met ’n aanhaling motiveer.
- Begin altyd deur eers **waar/onwaar** neer te skryf voordat jy jou motivering neerskryf. Jy kry ’n punt vir waar/onwaar as jou antwoord korrek is.

**JA/NEE vrae**

- By vrae waarop jy **ja/nee** moet antwoord, verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir ja/nee/ek stem saam/ek stem nie saam nie. As jy egter nie met ja/nee begin nie, kry jy nie ’n punt nie, al is jou rede/motivering korrek.

**AANHALINGS**

- As die woord “**aanhaling**” of die woorde “**Haal ... aan**” in die vraag voorkom, moet jy woorde uit die leesstuk aanhaal/oorskryf. Onthou om die aanhaling dan tussen aanhalingstekens te skryf.
- Die vraag sal spesifiseer of net **één woord** of ’n **langer aanhaling** gegee moet word.
- Jy kan ook gevra word om ’n sekere aantal **opeenvolgende** of **agtereenvolgende** woorde aan te haal. Dit beteken woorde wat **langs mekaar** staan. Sorg dat jy níé meer as die aantal woorde wat gevra word, neerskryf nie.



**So onthou jy dit**:
opeen**VOL**gend/agtereen**VOL**gend
= *words that **FOL**low each other*


- ONTHOU weer: Jy móét **aanhalingstekens** gebruik om aan te dui dat jou woord(e) uit die leesstuk/teks aangehaal is.

**WAT DINK JY?**

- Hierdie vrae vra vir jou vir jou eie opinie.
- Gewoonlik word “dink jy” as deel van die vraag gebruik.
- Jou antwoord of opinie moet steeds met die leesstuk verband hou en sin maak.

## LANG BEGRIPSTOETSE

### LANG BEGRIPSTOETS 1




*Hierdie artikel is oorspronklik in 2008 geskryf. Dink net daaraan hoe baie dinge in die afgelope paar jaar verander het. Daar is nou al baie meer e-boeklesers en e-boeke op die mark.*

1 Stel jou voor: Jy gaan met vakansie en wil graag minstens tien boeke saamneem. Maar jou tas is klaar propvol en loodswaar. Hoe nou gemaak?

2 Dan is die e-boekleser net die ding vir jou. Hierdie stukkie tegnologie is in Brittanje bekendgestel na dit al ’n rukkie lank deur die Amerikaners gebruik is.

3 Die Sony e-Reader (’n e-boekleser) is lekker plat – net 4 mm dik – en so groot soos ’n gewone sagtebandboek, maar met ’n geheue waarop jy sowat 160 boeke kan bêre. Dit is nie die eerste van sy soort op die mark nie, maar teen 199 pond (R2 785) is dit byna die helfte goedkoper as Borders se *Iliad* teen 399 pond (R5 536). Dis ook ’n raps goedkoper as Amazon s’n genaamd *Kindle*, wat 200 pond (R2 785) kos.




Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig




## ANTWOORDE

1 Die Wimpy organiseer alles, selfs die uitnodigings. (7 woorde)

2 Jy kry prettige goed vir aantrek en inkleur. (8 woorde)

3 Jy kan so baie vriende nooi as wat jy wil. (10 woorde)

4 Dit kos R12.00 per kind en jy kry 'n verjaarsdagkoek en maaltye. (12 woorde)

5 Die Wimpy maak alles skoon na die tyd. (8 woorde).

OPSOMMING 1

# Lees – 'n Fees van woorde

1 Jy mag jouself dalk afvra hoekom lees belangrik is. Kan jy jouself voorstel hoe dit sou wees as jy nie kon lees nie? Lees is belangrik vir die alledaagse lewe – om oor die weg te kom, te kwalifiseer en 'n beroep van jou keuse te beoefen.

2 Jy sou nie die basiese dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar, kon doen nie. Jy sou nie kon lees wat op padtekens staan nie. Jy sou sukkel om kos in 'n restaurant te bestel. Jy sou nie kon sms of e-pos nie. Jy sou nie jou gunsteling-tydskrif kon lees nie. Jy sou nie jou skoolvakke kon slaag nie. Jy sou nie inligting op webtuistes op die internet kon ontsyfer nie.

3 Lees het nog baie ander voordele soos dat dit jou taalvaardighede verbeter. Daarom leer jy beter kommunikeer. Goeie kommunikasievaardighede is 'n sleutel tot sukses.

4 Lees verbreed jou algemene kennis. Jy leer van ander lande, mense en situasies waaraan jy nooit blootgestel sou gewees het as jy nie gelees het nie.

5 Lees verbeter jou begrip en lees verbreed jou woordeskat.

6 Lees help jou om jouself beter uit te druk. Daardeur kan jy jou selfbeeld verbeter.

7 Lees lok die agie in jou uit. Dit beteken lees prikkel jou verbeelding. Dit is 'n belangrike eienskap, want jy leer oorspronklik dink. Dit laat jou slimmer word.

8 Die meeste kenners sê: Mense wat lees, het 'n honger na kennis. Hulle dink verstandiger en ontwikkel goeie vaardighede.

9 Lees vandag 'n boek en belê in jou toekoms!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 23 April 2009]

## INSTRUKSIES

- Skryf **SEWE REDES** neer waarom lees so belangrik is.
- Skryf elke rede in jou eie woorde en in 'n goeie volsin neer.
- Jy mag NIE MEER AS EEN SIN oor ELKE REDE skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar neer.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui jou aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.





Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## KRITIESE TAALBEWUSTHEID 2
**SPOTPRENT 2**




[Uit *Die Burger*, 12 November 2008]

### VRAE

2.1 In watter vak was daar 'n fout op die vraestel?

2.2 Gee 'n sinoniem vir 'onnies'.

2.3 Verduidelik wat die woord 'somme' beteken.

2.4 Op die eksamenrooster in die seun se hand is daar leë blokkies en blokkies waarin iets geskryf is. Wat gebeur op die dae waar daar leë blokkies is?

2.5 Wat steek by die seun se skoolsak uit?

2.6 Dink jy die seun se skoolklere is netjies? Motiveer jou antwoord.

2.7 Beskryf die seun se gesigsuitdrukking.

2.8 Die seun doen goed in Wiskunde op skool. Is hierdie stelling waar of onwaar? Verskaf 'n **rede** vir jou antwoord.

2.9 Watter **emosie**, dink jy, ervaar die pa?


2.10 Beskryf die pa se **gesigsuitdrukking**.

2.11 Skryf een sin neer wat 'n slegte gewoonte van die pa beskryf.

2.12 Beskryf die hond se **liggaamstaal**.

2.13 Verwys na die **opskrif en die kommentaar** aan die onderkant in die linkerkantse hoek. Verduidelik nou in jou eie woorde hoekom daar meer vrae as antwoorde is.

## KRITIESE TAALBEWUSTHEID 3
**SPOTPRENT 3**




[Uit *www.madmagazine.com/tags/al-jaffee*, Herwin 8 September 2017]

### VRAE

3.1 Omtrent watter tyd van die dag is dit?

3.2 Beskryf die **optrede/gedrag** van die skoolkinders wat by die skool uitstap.

3.3 Verskaf twee **redes** waarom die kinders so reageer.

3.4 Beskryf die **optrede** van die skoolkinders wat voor die hospitaal verbystap.

3.5 Verskaf twee moontlike **redes** waarom die kinders juis voor die hospitaal so reageer.



Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## VRIENDSKAPLIKE BRIEF

'n Vriendskaplike brief lig in (gee inligting oor jouself en wat met jou of iemand anders gebeur het) en help jou om met jou vriende kontak te hou. Jy deel nuus met jou maat, 'n familielid of iemand anders wat jy goed ken. Jy kan hom/haar gelukwens, met hom/haar simpatiseer of iets verduidelik.

- Jou adres word bo in die regterkantse hoek neergeskryf. Sorg dat jy die korrekte formaat van jou adres in Afrikaans ken. 'n Tweede adres word **nie** gebruik **nie**.

  Bv. Ocean Viewstraat 28<br>Kaapstad<br>8000



- Die datum word onder die adres – met of sonder 'n reël wat tussenin oopgelaat word – geskryf.
- Sorg dat jy die korrekte aanhef *(Beste/Liewe X)* sowel as afsluiting/slot *(Groete/Jou vriend/vriendin)* gebruik.
- Gewoonlik is 'n vriendskaplike brief persoonlik.
- Gebruik informele styl, maar nie slêng nie, sowel as korrekte taal.
- As dit 'n brief is waarin jy simpatiseer of meegevoel oordra, sal die brief meer formeel wees.

### Wenke om beter punte vir 'n vriendskaplike brief te behaal

- As jy deurmekaar raak oor hoe 'n mens 'n adres in Afrikaans skryf, onthou dit so: Jy ry **eerste na die straat** en **tweede na die huis**; dus kom die **straatnaam eerste**, en die **huisnommer tweede** (in Engels is dit andersom).
- Onthou dat straatname en die name van dorpe en stede altyd as een woord geskryf word bv. Kerkstraat, Kaapstad, Seepunt, Koffiebaai.
- Moenie met "Hoe gaan dit?" of iets soortgelyks begin nie.
- Dink aan iets oorspronkliks vir jou eerste inleidende paragraaf en skryf daarna die rede neer waarom jy die brief skryf.
- Probeer 'n paar paragrawe van verskillende lengtes gebruik, nie die tipiese eerste kort paragraaf, lang middelste paragraaf en kort slotparagraaf nie.
- Dink aan iets oorspronkliks vir jou laaste paragraaf.

## VOORBEELD VAN 'N VRIENDSKAPLIKE BRIEF

*Sewende Laan 33*<br>*Bela-Bela*<br>*0481*<br>*23 Augustus 2017*

*Beste Esna*

*Ek kan amper nie glo dis al die einde van die jaar nie. Ons Matriekjaar lê voor en dit gaan harde werk beteken. Voel jy so bang soos ek?!*

*Iets onverwags het in ons gesin gebeur. My pa het 'n werksaanbod gekry om in New York te gaan werk. So 'n geleentheid kan hy nie deur sy vingers laat glip nie. Alhoewel dit vir hom 'n moeilike besluit is, het hy en my ma besluit om in die Desember-vakansie na Amerika te verhuis.*

*Omdat ek julle gesin so goed ken en voel asof ek soos 'n kind in julle huis is, wil ek vir jou vra of ek vir 'n jaar by julle kan kom woon. Ek weet my ouers sal self met jou ouers hieroor kom praat, maar ek wil weet of jy bereid is om jou kamer met my te deel. Ek belowe dat ek alles netjies sal hou! Ek dink dit kan groot pret wees. Ons sal ook saam kan studeer.*

*Sal jy asseblief hieroor dink en my laat weet sodra jy jou besluit geneem het?*<br>*Ek sien uit daarna om van jou te hoor.*

*Groete*<br>*Irene*







Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# WOORDESKAT

## ALGEMENE WOORDESKAT WAT JOU MET VRAESTEL 3 SAL HELP

**Gebruik ook die emosies/gevoelens in die tweede woordeskatlys vir Vraestel 3 op bl. 74.**





(on)aangenaam – *(un)pleasant*
agtergrond – *background*
atmosfeer – *atmosphere*
avontuurlik – *adventurous*
baie/talle/vele/'n klomp – *many/lots of*
(on)bekend – *(un)known*
belangrik – *important*
beroemd – *famous*
bleeksiel – *nerd*
dapper – *brave*
detail – *detail*
droom – *dream*
duur – *expensive* (peperduur)
eerlik – *honest*
eienaardig – *strange/weird/unusual*
eksoties – *exotic*
fassinerend – *fascinating*
gebeur – *happen*
gebruik – *use*
gedagte – *thought*
geskenk/present – *gift*
geur/aroma – *smell/scent*
gevaarlik – *dangerous*
gewild – *popular*
glimlag – *smile*
goedkoop – *cheap* (spotgoedkoop)
gunsteling – *favourite*
'n handjievol – *a few*
'n hanetree van – *very close to*
herfs – *autumn*



herinnering – *memory*
hoeveelheid – *amount*
hoogtepunt – *highlight*
idee – *idea*
identies – *identical*
indrukwekkend – *impressive*
(doen) inkopies – *shopping*
intens – *intense*
invloed/beïnvloed – *influence (verb & noun)*
kitskos – *fast food*
(dit gee my) 'n knop in die keel – *a lump in my throat*
kwaliteit – *quality*
langs – *next to*
lente – *spring*
lewenstyl – *lifestyle*
lyf/liggaam – *body*
maklik – *easy*
misdaad – *crime*
moeilik – *difficult*
natuurlik – *naturally/obviously*
navorsing – *research*
nuuskierig – *curious, inquisitive*
omgewing – *environment*
ondervinding/ervaring/belewenis – *experience*
ongewoon – *strange/unusual*
onlangs – *recently*
ontdek – *discover*
ontwerp – *design*
oorsee – *overseas*
oorspronklik – *original*
oorweldigend – *overwhelming*
opsie – *option*
opwindend – *exciting*
piepklein – *very small/tiny*
pragtig – *beautiful*
pret – *fun*
rekenaar – *computer*
romanties – *romantic*
rustig – *laidback*
saamstem – *agree*
samelewing – *society*
seëning – *blessing*










*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

**Wederkerende voornaamwoord** *(reflexive)* – sy... haar, Meneer... hom, jy... jou

**Wederkerige voornaamwoord** *(reciprocal)* – mekaar

**Aanwysende voornaamwoord** *(demonstrative)* – hierdie, daardie

**Betreklike voornaamwoord** *(relative)* – wat, wie se, waarop, daaronder, waarin, daarmee

**L.W.** Die betreklike voornaamwoord kan as deel van woordsoorte of as deel van sinstruktuur in die eksamen gevra word. Betreklike voornaamwoorde kan as voegwoorde gebruik word.



### Toets of jy hierdie persoonlike en besitlike voornaamwoorde ken:

| ENKELVOUD | *SINGULAR* |
|---|---|
| ek my myne | *I me/my mine* |
| jy jou joune | *you your yours* |
| hy hom sy syne | *he him his* |
| sy haar hare | *she her hers* |
| dit | *it* |

| MEERVOUD | *PLURAL* |
|---|---|
| ons ons ons s'n | *we us ours* |
| julle julle julle s'n | *you your yours* |
| hulle hulle hulle s'n | *they them theirs* |

### Hoe word die onbepaalde voornaamwoord in die eksamen gevra?

- **'n Mens** moet altyd dankie sê as **iemand iets** vir **jou** aangee.
- **'n Mens** moet altyd asseblief sê as **jy** vir **iemand** vra om vir **jou** 'n guns te doen.



**Onthou dit so:** Jy kan nie hy/sy/haar/hom gebruik nie, want jy weet nie wat die geslag van die persoon is nie.

### Só word die betreklike voornaamwoord as WOORDSOORT in die eksamen gevra:

Gewoonlik word daar gesê dat **wie** gebruik word as daar na mense verwys word en dat **wat** gebruik word as daar na diere of dinge verwys word. Dis egter makliker om die reël vir WIE/WAT wat hieronder verduidelik word, te volg.

- **Voorsetsel + WAT / WAT + voorsetsel**
  - Die volgorde waarin dit gevra word, maak nie 'n verskil aan die antwoord nie.
  - Dit word altyd as een woord geskryf
  - WAT verander na WAAR
  - WAAR vorm die eerste deel van die woord en die voorsetsel vorm die tweede deel van die woord
    bv. by + wat = waarby, wat + op = waarop, wat + in = waarin



**Wenk:**
Kyk eers na die voorbeelde as jy nie die verduideliking verstaan nie.

- **Voorsetsel + DIT / DIT + voorsetsel**
  - Die volgorde waarin dit gevra word, maak nie 'n verskil aan die antwoord nie.
  - Dit word altyd as een woord geskryf
  - DIT verander na DAAR
  - DAAR vorm die eerste deel van die woord en die voorsetsel vorm die tweede deel van die woord
    bv. bo + dit = daarbo, dit + onder = daaronder, dit + langs = daarlangs

- **Uitsonderings: twee voorsetsels wat verander**
  - MET verander na MEE
  - VIR verander na VOOR
    bv. dit + met = daarmee, vir + wat = waarvoor

- **Voorsetsel + WIE / WIE + voorsetsel**
  - As 'n voorsetsel saam met WIE gebruik word, word die voorsetsel net langs WIE neergeskryf d.w.s. niks anders verander nie
    bv. by wie, langs wie, met wie, vir wie, wie se







*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

Voorsetsels:
TOETS JOU KENNIS 15

## Waar die oseane ontmoet

L'Agulhas. Die mees suidelike punt (15.1 ___) ons kontinent. Agulhas is ook bekend (15.2 ___) die Begraafplaas van Skepe.
Dis twee uur twintig minute se ry (15.3 ____) Kaapstad (15.4 ____) in L'Agulhas.
Dis naby (15.5 ___) Arniston (of Waenhuiskrans soos party mense sê) sodat jy (15.6 ___) 'n kuiertjie soontoe kan ry.
Jy kry eers Struisbaai (15.7 ___) jy L'Agulhas binnery.
Die een loop oor (15.8 ___) die ander, maar Struisbaai voel 'n bietjie (15.9 ____) Bellville-by-die-see. Dit is dalk omdat huise in Struisbaai (15.10 ___) plat dakke gebou is. Die strate kruis (15.11 ____) die regte plekke.
Die huise lyk ook amper almal (15.12 ____) mekaar.
Struisbaai het 'n outentieke hawetjie en dit is mooier (15.13 ___) enige ander hawe. Die tjakkies – soos vissersbote hier genoem word – lê (15.14 ____) die vlak water voor hulle (15.15 ___) die hawe (15.16 ____) die oop see uitvaar. Dis die plek om (15.17 ___) die vissermanne se gesprekke te luister terwyl jy (15.18 ____) die oseaan kyk.




Die strandjie net (15.19 ____) die hawe is (15.20 ___) naweke en veral (15.21 _____) Desember gepak.
Agulhas (15.22 ___) mooie vuurtoring lok baie toeriste. (15.23 ____) 'n paar sente kan jy tot (15.24 ____) in die vuurtoring klim.
'n Paar jaar gelede het 'n romantiese jongman "Trou (15.25 ____) my" met klippe in die veld direk (15.26 ____) die vuurtoring (15.27 ____) die see se kant uitgespel. Gaan kyk of jy dit nog kan sien!



Deur Ilse Zietsman


[Verwerk uit *Die Burger*, 13 Augustus 2011]

### VRAE

15.1 – 15.27 Vul die korrekte voorsetsels in.

Voorsetsels:
TOETS JOU KENNIS 16

## Een dag in die lewe van 'n muis-familie



'n Muis-familie sit en gesels (16.1 ____) mekaar. Die kat kom (16.2 ____) die huis ingehardloop. Pa Muis skrik (16.3 ____) die kat. Hy spring (16.4 ____) en begin blaf. Die kat is nie kwaad (16.5 ___) Pa Muis nie! Die kat skrik hom (16.6 ____) 'n mik en hardloop (16.7 ____) die rigting van die naaste hoë boom.
Toe Pa Muis weer (16.8 _____) die stoel (16.9 ____) tafel gaan sit en (16.10 ____) verhaal kom, sê hy (16.11 ____) die kinders: "Ek hoop julle besef nou die belangrikheid (16.12 ____) 'n tweede taal! Dit kan jou lewe red as jy (16.13 ___) gevaar is."

[Verwerk uit *www.roekeloos.co.za,* herwin 8 September 2017]

### VRAE



16.1 – 16.13 Vul die korrekte voorsetsels in.

## WERKWOORDE

Die werkwoord (ww.) is die aksie-woord in die sin.

Die werkwoord staan in die TWEEDE posisie of is die TWEEDE idee in die sin: bv. Die seun LAG vir die grap. Netnou LAG jy jou 'n papie! Vandag LAG ek my klaar!

### Selfstandige/hoofwerkwoord

- Die selfstandige/hoofwerkwoord is 'n werkwoord wat op sy eie kan staan bv. *lees, lag, gesels, spring*

### Deeltjiewerkwoorde (skeibare en onskeibare werkwoorde)

- **Skeibare werkwoorde** kan in twee dele opgedeel word en op verskillende plekke in die sin staan. Die **klem** van 'n skeibare werkwoord is op die eerste deel van die woord.

  Bv. ***af**skakel – skakel af, **in**loop – loop in, **geluk**wens – wens geluk*





Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

**Voorbeeld 2:**

Die juffrou verduidelik taal aan die Graad 12-klas.

- Die juffrou is besig om taal aan die Graad 12-klas te verduidelik.

**Voorbeeld 3:**

Die sjef berei nuwe resepte voor.

- Die sjef probeer om nuwe resepte voor te berei.





**Eksamenwenk:**

Die **goue reël** in Afrikaans is dat **werkwoorde na die einde van 'n sin skuif** as die sin oorgeskryf word. Dit gebeur **amper altyd** as 'n sin oorgeskryf moet word.

Die eerste werkwoord is altyd die tweede idee in 'n gewone sin (nie in 'n vraag of bevel nie). Die res van die werkwoorde kom aan die einde van die sin voor.

Dit gebeur as jy die volgende sinne oorskryf: verlede en toekomende tyd, indirekte rede, voegwoorde uit Groep 3, lydende vorm en 'n sin met 'moenie' in ontkennende vorm begin.


**As meer as een werkwoord na die einde van 'n sin geskuif word:**

- **het** is altyd laaste in die sin.
- die **sterkste werkwoord** is voor 'het', of heel laaste as daar nie 'n 'het' voorkom nie.
- **hulpwerkwoorde** (moet, mag, wil, kan) is voor die sterkste werkwoord bv. *kon gegaan het.*

## DEELWOORDE

Deelwoorde is **werkwoorde** wat as **byvoeglike naamwoorde** gebruik word. Daar is twee soorte deelwoorde.

- **Teenwoordige (onvoltooide) deelwoorde** (*present participles*) sê dat iets besig is om te gebeur en eindig op **-ende**
  bv. *laggende* tiener, *borrelende* tee , *singende* akteur, *blaffende* boelterriër
- **Verlede (voltooide) deelwoorde** (*past participles*) sê dat iets reeds gebeur het en begin met **ge-** en eindig op **-te/-de**
  bv. *gekookte* pasta, *geplukte* blomme, *gesnyde* gras.
  Ons noem dit swak verlede deelwoorde. Dit het 'n letterlike betekenis, bv. *gebreekte* koppie.
  Dit kan ook figuurlik gebruik word bv. *gebroke* hart. Na 'n liefdesteleurstelling is jou hart *figuurlik* gebreek; die verlede deelwoord is dan *gebroke*.
  Ons noem dit *sterk* verlede deelwoorde. (Vergelyk dit met *gebreekte* teekoppie).



**Wenk 1: Hoe om te onthou wat 'n deelwoord is**

Die woord 'deel' het 4 letters en jy gaan vier letters by die woord voeg (behalwe ekstra letters wat met spelreëls te doen het).

**Wenk 2: Hoe om agter te kom of dit 'n teenwoordige of verlede deelwoord is**

Kyk na die volgende twee voorbeelde:

(bak) sjokoladekoek (blaf) hond

'n Sjokoladekoek kan nie homself bak nie; daarom is dit 'n verlede deelwoord (voeg **ge-** aan die begin en **-te/-de** aan die einde by) aangesien iemand reeds die aksie voltooi het.

'n Hond kan self blaf; jy laat hom nie fisies blaf nie; daarom is dit 'n teenwoordige deelwoord (voeg **-ende** agteraan) wat nog steeds besig is om te gebeur.

Dus voeg jy elke keer vier nuwe letters by (behalwe ekstra letters wat met spelreëls te doen het).

**Wenk 3 en 4: Verlede deelwoorde**

- Soos met verlede tydsvorme van werkwoorde word **ge-** nie gebruik as die deelwoord met **be-**, **ge-**, **her-**, **er-**, **ont-** en **ver-** begin nie.
- As jy nie weet wanneer om -te/-de te gebruik nie, onthou dit so: Gebruik oor die algemeen -te as die werkwoord eindig op een van die vetgedrukte letters (die medeklinkers) in:

**S K** A A **P G** I **F** of **K**ung **F**u **P**anda **G**oes **S**outh





Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

**Bedrywende vorm:** Janré lees 'n baie interessante boek.
**Lydende vorm:** 'n Baie interessante boek word deur Janré gelees.

## Hoe om 'n stelsin in lydende vorm te skryf:

1. Die onderwerp en die voorwerp ruil plekke om.
2. Kyk in watter tyd die sin geskryf is.



- Vir **teenwoordige tyd** gebruik jy:
  **word deur + ge**(werkwoord)
  Bv. Die stout hond steel 'n braaitjoppie.
  *'n Braaitjoppie word deur die stout hond gesteel.*

- Vir **verlede tyd** gebruik jy:
  **is deur + ge**(werkwoord)
  Bv. Die hoenders het die plante in die tuin uitgeskrop.
  *Die plante in die tuin is deur die hoenders uitgeskrop.*

- Vir **toekomende tyd** gebruik jy:
  **sal deur + ge**(werkwoord) + **word** (aan die einde van die sin)
  Bv. Esna sal Aardrykskunde-kaarte teken.
  *Aardrykskunde-kaarte sal deur Esna geteken word.*

- As hulpwerkwoorde voorkom, gebruik jy:
  **kan/mag/moet/wil + ge**(werkwoord) + **word** (aan die einde van die sin)

  Dus volg hulpwerkwoorde dieselfde reëls as wat met **sal** gebruik word, maar jy behou net die hulpwerkwoord wat aan jou gegee word.
  Bv. Hester kan heerlike pepermenttert maak.
  *Heerlike pepermenttert kan deur Hester gemaak word.*
  Lisa wil 'n ongewone avontuur beleef.
  *'n Ongewone avontuur wil deur Lisa beleef word.*

3. Jy het nou reeds die voorwerp eerste, gevolg deur die woorde – dit sluit nie die werkwoord(e) in nie – wat vir die spesifieke **tyd** waarin die sin geskryf is, neergeskryf. Hierna volg al die res van die woorde in die sin in dieselfde volgorde as waarin dit oorspronklik voorgekom het.
4. Die enigste uitsondering is as 'n bywoord/bywoordelike frase van tyd in die sin voorkom. Enige uitdrukking wat met tyd te doen het, kom voor '**deur**'.
   Bv. Selma koop vanoggend haar vliegtuigkaartjie na Indië.
   *Haar vliegtuigkaartjie na Indië word **vanoggend** deur Selma gekoop.*
5. Die werkwoord (tesame met ge-) kom soos gewoonlik – dink aan die **goue reël** in Afrikaans – aan die einde van die sin.

## Hoe om vraagsinne in lydende vorm te skryf:

### Hoe om 'n vraagsin wat met 'n WERKWOORD BEGIN in lydende vorm te skryf

1. Skryf die woord wat tyd aandui in die plek van die werkwoord; dus eerste in die vraagsin.
2. Volg die res van die reëls soos by stelsinne.
   Bv. Het die skrywer self die boek geïllustreer?
   Is *die boek deur die skrywer self geïllustreer?*

### Hoe om 'n vraagsin wat met 'n VRAENDE VOORNAAMWOORD (behalwe 'wie') BEGIN in lydende vorm te skryf

1. Die vraagwoord bly op dieselfde plek; dus die vraagwoord word weer aan die begin van die vraagsin geskryf.
2. Skryf die woord wat tyd aandui in die plek van die werkwoord.
3. Volg die res van die reëls soos by stelsinne.
   Bv. Hoekom vang die polisie nie al die misdadigers nie?
   *Hoekom word al die misdadigers nie deur die polisie gevang nie?*





Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## VRAE

| | |
|---|---|
| 31.1 | Benoem die soort sin. |
| 31.2 | Benoem die soort sin. |
| 31.3 | Stel die vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord sal wees. |
| 31.4 | Skryf die stelsin oor sodat dit 'n vraagsin is. |
| 31.5 – 31.7 | Stel die vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord sal wees. |
| 31.8 | Benoem die soort sin. |
| 31.9 | Skryf die stelsin oor sodat dit 'n vraagsin is. |
| 31.10 | Stel die vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord sal wees. |
| 31.11 | Skryf die stelsin oor sodat dit 'n vraagsin is. |
| 31.12 – 31.14 | Stel die vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord sal wees. |
| 31.15 | Benoem die soort sin. |

# LEESTEKENS/PUNKTUASIE

## PUNT .

- Word aan die einde van 'n sin gebruik.
  Bv. Brenda maak die heerlikste konfyt.
- Word by sommige afkortings gebruik.
  Bv. meneer – mnr.



## KOMMA ,

- Word gebruik as 'n reeks dinge opgenoem word.
  Bv. Op die spyskaart was voorgeregte, hoofgeregte en nageregte.
- Word tussen twee werkwoorde gebruik.
  Bv. Of ek dit sal regkry, weet ek nog nie.
- Word voor of na die naam/titel van iemand wat aangespreek word, gebruik.
  Bv. Juffrou, mag ek asseblief die kamer verlaat?
- As die sin/antwoord met ja/nee begin, word 'n komma daarna gebruik.
  Bv. Ja, ek stem heeltemal saam met jou.
- Word by sommige voegwoorde gebruik.
  Bv. Jy mag die kamer verlaat, maar jy moet binne vyf minute terug wees.

## VRAAGTEKEN ?

- Word by vrae gebruik.
  Bv. Hoe laat is dit? Wanneer kom jy by my kuier?
  Hoeveel kos hierdie skoene? Wat is jou naam?

## UITROEPTEKEN !

- Word by uitroepe en bevele gebruik.
  Bv. Dis die wonderlikste nuus!
  Maak gou!
- Word soms by wense en waarskuwings gebruik.
  Bv. Ek wens ek het 'n miljoen rand gehad!
  Pasop, jy gaan gly!

## DUBBELPUNT :

- Word gebruik net voor 'n reeks dinge opgenoem word.
  Bv. My gunstelinglande is: Italië, Tunisië, Letland en my eie land, Suid-Afrika.
- Word gebruik voor 'n verduideliking volg.
  Bv. Jy moet onthou: mense takseer jou op die dinge wat jy vir hulle sê.
- Word by direkte rede gebruik.
  Bv. Die popsangeres roep uit: "My bewonderaars ondersteun my altyd."

## KOMMAPUNT ;

- Word by sommige voegwoorde (in groep 2) gebruik.
  Bv. Ek moet hard studeer vir die eksamen; dus kan ek nie elke naweeksaand uitgaan nie.
- Word gebruik wanneer 'n voegwoord uitgelaat word.
  Bv. Die lewe is opwindend; daar is so baie geleenthede.

E

# VRAESTEL B

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### Kry jy die boodskap?

1 Swiftkey, 'n Britse onderneming wat toetsbord-apps vir slimfone skep, het 'n jaar of wat gelede 'n verslag oor die gewildste emoji's uitgereik. Nadat hulle meer as 'n biljoen stukke inligting bestudeer het wat emoji's bevat, het hulle bepaal die volgende kategorieë is die gewildste:

* Gelukkige gesigte
* Hartseer gesigte
* Harte
* Handgebare
* Romanse

2 Na ek die verslag van Swiftkey gelees het, kruip die spertyd vir my storie ál nader, en hoe vinniger ek skryf, hoe vinniger voel dit vir my snel die minute verby.  My nuusredakteur lyk heel rustig daar oorkant in haar kantoor, maar hier voor my rekenaar trek my maag heeltemal op 'n knop. 

3 Maar toe ek na 'n ruk besef ek werk eintlik lekker, want die onderwerp is so interessant, vergeet ek skoon van my stres. 

4  En kort voor lank is ek klaar en is al die base tevrede. 

5 Soos omtrent almal wat ek ken, kan ek deesdae my lewensverhaal in prentjies, of emoji's, vertel. Dit lyk of daar vir elke emosie of gemoedstemming onder die son 'n karaktertjie bestaan.

6 Plat op my neus voor my kollegas geval.  Dink jy dit was skreeusnaaks?  Of maak jy of jy dit nie raakgesien en gelag het nie? 

7 Daar is geen einde aan die gesprekke wat ons so kan voer nie.

8 Emoji's, die kleurryke en oulike prentjies op jou selfoon se toetsbord, het die manier waarop ons kommunikeer heeltemal verander. Dit het 'n nuwe skryfstyl laat ontstaan wat uiters kreatief en vindingryk is, sê prof. Ana Deumert van die Universiteit Kaapstad se Departement Linguistiek.

9 "Emoji's stel ons in staat om te wys of ons stelling ernstig of humoristies verstaan moet word," sê sy. "In die gesproke taal word dieselfde bedoelings gewoonlik met stemtoon, gebare, gesigsuitdrukking of lyftaal oorgedra."

10 Een van die redes vir die gewildheid van emoji's is juis dat gesproke taal al meer deur teksboodskap-apps soos WhatsApp vervang word, sê die marknavorser Arthur Goldstuck.

### Wat emoji's beteken

11 Emoji's se betekenis kan verskil na gelang van die konteks waarin dit gebruik word en die kultuur van die gebruiker. Hier is 'n paar voorbeelde.

12  Dit kan wys jy bid vir iemand of dat jy om verskoning vra. Party mense gebruik dit om die gebaar uit te druk waar twee mense hul handpalms teen mekaar klap om iemand geluk te wens.

13  In Japan verwys dié emoji na 'n hasiemeisie, hulle weergawe van die sexy Playboy-hasie. In ander kulture gebruik vroue dit dikwels wanneer hulle boodskappe stuur oor vriendinne wat saam uitgaan of na 'n danspartytjie gaan.

14  Die Mizaroe-emoji beeld die apie uit wat geen kwaad sien nie, maar mense gebruik dit dikwels om aan te dui dat hulle skaam is of iets doms aangevang het.

15  Dié emoji wys opgewondenheid of dat jy gereed maak om partytjie te hou.

16  Hierdie emoji word dikwels ingespan om te wys jy's baie kwaad, maar in die Japannese kultuur wys dit dat jy iets gewen het.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 10 September 2015]



Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E

**NEELSIE** deur Danie Cronjé

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




[Verwerk uit *www.daniecronje.co.za*]

4.1 Verbeter die WOORDORDE in die volgende sin. Skryf die sin volledig uit.
Jako en ek het 95% vir ons Wiskundetoets gekry! (1)

4.2 Verwys na Raampie 1.

4.2.1 Hoe weet jy dat Neelsie die woorde "95%" hard sê? (1)

4.2.2 Watter leesteken wys dat Neelsie sy woorde beklemtoon? (1)

4.3 Watter VOORNAAMWOORD dui aan dat Neelsie en Jako albei die Wiskundetoets geskryf het? (1)

4.4 Watter indruk probeer Neelsie in verband met sy EIE punte in die Wiskundetoets skep? (Raampie 1) (1)

4.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

Met die woord "ongelooflik" in Raampie 2 sê die pa dat hy …

A nie gewoond is aan sulke punte nie.
B nie verbaas is oor sulke punte nie.
C teleurgesteld is met sulke punte.
D woedend is oor sulke punte. (1)

4.6 Noem TWEE maniere waarop die pa se gesigsuitdrukking sy woorde ondersteun. (Raampie 2) (2)

4.7 Vervang die woord "Oraait" in Raampie 3 met 'n goeie Afrikaanse woord met dieselfde betekenis. (1)

4.8 Gee 'n SINONIEM vir die woord "gekry" in Raampie 3. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS F

**GOEIE MANIERE**

(5.1.1) "Goeie maniere is belangrik," sê Ouma. (5.1.2) Is jou ouma altyd reg?

Het jy al ooit soos 'n (5.1.3) wurm gevoel? Jy daag met leë hande by 'n (5.1.4) (werk+partytjie) op. (5.1.5) Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. Domkop! (5.1.6) Daar was 'n boodskap. Die ander gaste het goeie maniere gehad. Met Anna Musson, kenner van goeie maniere, se wenke kan jy jou maniere verbeter.

***By 'n formele ete***

Vra altyd wat jy kan saambring. Dit is goeie maniere vir die gasvrou om te sê: "Niks nie." Anna sê: "'n Goeie (5.1.7) gas moet iets saamneem."
(5.1.8) 'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.

***RSVP***

RSVP beteken "antwoord asseblief". Dis nie goeie maniere om mense aan (5.1.9) 'n lyntjie te hou nie.

***Tafelmaniere***

Daar is niks ergers as 'n (5.1.10) ongemanierd mens aan tafel nie. Die ander groot fout is om lang (5.1.11) telefoongesprek aan tafel te voer.

***Wegbly***

Wegbly is die maklikste manier om (5.1.12) seker te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (5.1.13) Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]





*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*